# Musiek Vir Die Jeug

LIEWE KINDERS, — Wel, seuns en meisies, hoe heerlik dat ons redakteur ons in staat stel om 'n nuwe tyd tegemoet te gaan 'n aangename sowel as 'n skone tyd! Dis my innige begeerte dat julle week ná week met begeerte na hierdie bladsy sal uitsien en — ook 'n bietjie ernstige aandag gee aan wat daarin staan.

Wat gaan ons dan doen? Ons gaan dink en praat oor musiek!

Waarom behoort ons dan juis so 'n besondere belang te stel in musiek? Wel, vir my is daar twee goeie redes voor. Ten eerste maak goeie musiek ons eie lewe ryker en gelukkiger omdat ons daarin 'n verhewe en skone skat besit, en ten tweede dra ons dan ons klein deeltjie by tot die groot saak wat ons 'n nasie se kultuur noem. En onthou, diegene wat vandag musiek studeer, bou die musikale smaak van more. Die vooruitgang van ons land se musiek lê nêrens anders as in hul hande nie en dis 'n groot verantwoordelikheid waarvan ons nie te min moet dink nie. Die waarde van 'n nasie op musiekgebied hang net af van die belangstelling waarmee die mense hulle aan goeie musiek wy. En die mense — dis julle. Julle is tog die volk van die toekoms, nie waar nie? Dink net daaroor na! Dis julle wat gaan vasstel hoeveel ons volk se musiek in die toekoms werd sal wees, want groot manne en vroue wat leiding gee, kom gewoonlik uit die volksmassa te voorskyn, en elke jong mens wat hom met erns en liefde aan die musiek wy, het groot betekenis vir die groei van daardie heerlike kuns in ons land.

Julle moenie dink dat musiek sommer 'n weelde-artikel is, waarsonder mens net so goed kan klaar kom nie. Nee, dis in werklikheid niks minder nie as iets onmisbaars vir elke mens. Selfs al kan jy dit nie leer nie (en sulke mense is daar maar baie min), dan moet mens leer om dit te verstaan en lief te hê. Dit moet vir ons hoort soos 'n alledaagse gewoonte. En ons moet nog glad nie tevrede wees met die musiek wat die radio en grammofoon verskaf nie — O, nee, ons begeerte moet baie verder strek!


Nou moet julle weet dat musikale mense musikale huise stig, en dit, *dit* is die ware plek waar 'n goeie musieksmaak gekweek word: die huis. En dis julle, seuns en meisies, wat ons nasie se goeie musieksmaak moet opbou, en 'n musiekkuns moet laat ontwikkel waarvoor die hele buitewêreld agting moet hê!

Dis 'n groot en gewigtige taak, né? Ja, maar mens bestaan nie net uit 'n liggaam nie — jy het 'n gees ook, en dié gees moet ook ontwikkel en gevoed word.

Nou gaan ek probeer om in noue aanraking met julle te kom en julle te laat verstaan *wat musiek eintlik is*, en hoe dit ontwikkel word. Ek sal my bes probeer om dit op 'n eenvoudige en aangename manier vir julle te doen, maar daarvoor is jul belangstelling vir my onmisbaar.

Weet julle, musiek kan twee dinge doen. Dit kan so interessant wees dat dit sommer jou hele belangstelling aangryp en jy jou neus al dieper en dieper daarin wil steek, en buitendien kan dit dan die dieper en fyner gevoelens in die mens vir skoonheid op wonderlike wyse streel.

Ons gaan musiek eers van sy interessante kant beskou, en later, as julle self lus daarvoor gekry het, van sy kulturele kant, soos dit genoem word.



*„Die musiekles", hierdie meesterstuk van Hollandse kuns, deur Frans van Mieris, wat uit 1654 dagteken, toon die atmosfeer wat in die Nederlandse huis van daardie dae geeheers het.*

Dis baie aangenaam om na goeie musiek te luister, maar nie minder aangenaam nie om self daaraan deel te neem of dit te verskaf.

Maar dis baie moeilik, sê julle? Nie juis moeiliker as enige goeie spel nie! En wie kan nou bevoorbeeld nie 'n wysie hou nie!

Musiek behoort soos 'n persoon as lid van die familie opgeneem te word. Musiek verdien werklik hierdie voorreg omdat die huisgesin daardeur gelukkiger sal wees en mens se gees verryk en verruim sal word.

Party van julle word miskien eendag groot manne en vroue in die musiekwêreld. Maar as julle nie baie hard probeer nie, sal julle sekerlik nooit iets bereik nie.

Miskien gaan jul musiek ook nooit verder as die vier mure van jul huis nie, maar hoe dit ook sy, musiek is dit ten volle werd om geken en bemin te word om die heerlike skoonheid wat daarin steek.

En vergeet nie dat elkeen 'n plig het om ons volk se goeie smaak te help vorm.

Weet julle wat het 'n groot man eendag gesê? Hy sê dat musiek:

1. Mens bokant jou gewone ou alledaagse self verhef;
2. onaangename stemmings verdryf;
3. nuwe gewaarwordinge of gevoelens opwek;
4. mens veredel;
5. in 'n skone en verhewe vorm vir ons kan laat voel wat woorde nie kan uitdruk nie;
6. skoonheid kan vertolk op 'n manier wat genot en voldoening verskaf aan 'n ordeliewende gees;
7. 'n afkeer verwek van al wat lelik, laag en grof is;
8. begeerte wek nie alleen na skoonheid van klanke nie maar ook na alle vorms van reinheid en lieflikheid.
9. skeppende gedagte prikkel.

Daar is nog veel meer wat musiek kan doen, maar dis al 'n paar baie belangrike dinge.

En nou, outjies, moet ek sluit. Ek hoop dat julle gretig uitsien na ons eerste les wat aanstaande week sal verskyn. Julle belowe mos om goed julle bes te doen, nie waar nie?

Tot siens!

JOHANNES JOUBERT.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012